- Elke vennoot is geregtig op volledige inligting aangaande die belange van die vennootskap en/of sy adviseur(s) moet vrye toegang tot die boeke hê. (Maks 10)

3. VOORDELE VAN ALGEMENE VENNOOTSKAPPE

- Die kombinering van kapitaalkragte versterk die onderneming se finansiële posisie en stel dit in staat om uit te brei.
- Die vennote kombineer hulle spesifieke vaardighede en vermoëns en elkeen kan spesialiseer.
- Die formaliteite en prosedures wat verbonde is daaraan om 'n vennootskap te vorm, is eenvoudig en goedkoop.
- Omdat vennote individueel en gesamentlik aanspreeklik is vir die skulde van 'n vennootskap is dit maklik om lenings aan te gaan en krediet te verkry.
- Die onbeperkte aanspreeklikheid van die vennote kan as 'n aansporingsmiddel dien om te verseker dat elkeen alles sal insit om die onderneming te laat slaag.
- Die kapitaal van vennootskappe kan vermeerder, verminder of onttrek word, sonder regsprosedures.
- Vennootskap betaal nie belasting nie.

(Maks 10)

4. NADELE VAN ALGEMENE VENNOOTSKAPPE

- Die aantal vennote word beperk tot slegs 20, kan nie addisionele kapitaal inkry nie.
- Daar is geen voortduur nie. Wanneer 'n vennoot sterf of aftree, moet die vennootskap ontbind en 'n nuwe vennootskap gesluit word.
- Elke vennoot is 'n agent van die onderneming en bind sy medevennote met sy dade.
- Die vennote is gesamentlik en individueel aanspreeklik vir die skulde van die vennootskap, dus word selfs hulle persoonlike eiendom daarby betrek.
- Dringende besluite kan nie altyd vinnig gemaak word nie, omdat al die vennote eers geraadpleeg word.

(Maks 8)

5. DIE VORMING VAN 'N VENNOOTSKAP

- Dit is, nogtans, raadsaam om 'n skriftelike kontrak op te stel. √√

Vennootskapsooreenkoms bevat die volgende:

Die doel van die onderneming
Die hoeveelheid kapitaal wat elke vennoot moet bydra
Die verhouding waarin winste en verliese verdeel moet word
Watter vennote die onderneming gaan bestuur en tjeks teken en endosseer?
Die manier waarop geskille besleg word (arbitrasieklousule)
Die duur van die vennootskap
Die rentekoers betaalbaar op kapitaal en onttrekkings
Salarisse betaalbaar aan besturende vennote en bedrae wat vennote mag trek
Prosedure wat gevolg moet word as die vennootskap ontbind

Maks(10)

[50]

VRAAG 3
FINANSIËLE FUNKSIE

BRONNE VAN KAPITAAL

A Die geldmark (kredietmark) (2)

B Die kapitaalmark (2)

BRONNE VAN VASTE KAPITAAL

Die verkoop van aandele√
Die uitreik van skuldbriewe√
Langtermynlenings (met 'n verband as sekuriteit) √
Reserwefondse (opgegaarde fondse) in die vorm van bonusobligasies wat aan aandeelhouers uitgereik word. √ 4 x 1 = (4)

BRONNE VAN BEDRYFSKAPITAAL

Krediet deur produsente, fabrikante en handelaars toegestaan (word ook leweransierskrediet of krediet op ope rekening genoem.) (4)

Oortrokke fasiliteite by handelsbanke

Korttermynlenings by handelsbanke

Handelswissels

Bankaksepte

Faktorering van debiteure

Lening op die sekuriteit van pakhuiskwitansies

Koop van masjinerie en toerusting op bruikhuur

Afbetalingsverkoopsooreenkomste 7 x 1 = 7

Bruikhuur

Faktore wat die kapitaalvereistes bepaal

Kapitaalvereistes

1. *Aard van onderneming*√

Nywerhede belê baie meer kapitaal in geboue en masjinerie as handelsondernemings. 'n Onderneming wat elektrisiteit verskaf, bv. ESKOM √√ het miljoene se kapitaal vir geboue, masjinerie, hoogspanningsdrade en elektriese installasies belê, terwyl die onderhouds- en die lopende koste uit maandelikse inkomste verkry kan word. Sommige ondernemings kan met min of feitlik geen vaste kapitaal klaarkom nie, veral waar 'n gebou gehuur word en die bates hoofsaaklik uit voorraad en boekskulde bestaan. √√

2. *Grootte van 'n onderneming*√

Die bedrag aan vaste kapitaal wat deur 'n onderneming benodig word, hang van sy grootte af. Hoe groter 'n onderneming is, des te meer vaste kapitaal sal in geboue, grond, installasies, toerusting, ens belê word. √√

3. *Ontwikkelingstadium van onderneming*√

'n Onderneming of fabriek wat sy optimum grootte bereik het, sal nie vaste kapitaal in verdere uitbreidings benodig nie, terwyl 'n groeiende onderneming vaste kapitaal nodig sal hê om uitbreidings te finansier.√√ Maks (11)

Bedryfskapitaal

1. *Grootte*√

Die behoefte aan bedryfskapitaal neem toe met die grootte of omvang van die besigheid aangesien salarisse, huur, belasting, voorraad voorhande, grondstowwe, boekskulde, ens. van 'n groot besigheid meer is as dié van 'n kleiner besigheid. √√

2. *Ontwikkelingstadium*

Groeiende besighede het meer bedryfskapitaal as goedgevestigde besighede nodig omdat groter uitgawes en inkope met toenemende verkope gepaard gaan.

3. *Produksietydperk*

As die eindproduk van 'n nywerheid groot en duur is en dit lank neem om dit te voltooi (bv. skepe), is 'n groot bedrag bedryfskapitaal nodig. Die rede daarvoor is dat groot bedrae vir lone en grondstowwe uitbetaal word en inkomste vir 'n lang tyd in halfklaar produkte opgesluit lê voordat die artikel verkoop word.

4. *Omsetsnelheid van voorraad of geproduseerde (vaardighede) goedere*

Hoe vinniger die voorraad van die hand gesit kan word, hoe gouer kom die geld in waarmee nuwe voorraad gekoop kan word en bedryfskoste gedek kan word, met die gevolg dat minder bedryfskapitaal benodig word.

5. *Inkoop- en verkoopsvoorwaardes*

Ondernemings wat op krediet koop en vir kontant verkoop, het 'n minimum bedryfskapitaal nodig, want die kontantverkope betaal die kredietinkope. Wanneer kontant gekoop en op krediet verkoop word, het die onderneming baie bedryfskapitaal nodig om nuwe inkope te betaal voordat geld afkomstig uit verkope inkom. Hiermee hang saam die invorderingstermyn van debiteure en die betalingstermyn van krediteure.

6. *Seisoensverbruik*

Fabrikante van seisoensgoedere soos somerklere, of steenkool, kom voor die probleem te staan dat hulle dwarsdeur die jaar hulle fabrieke of myne aan die gang moet hou en slegs 'n gedeelte van die jaar 'n aanvraag na hul goedere ondervind. In sulke gevalle word kapitaal dus 'n lang tyd in voorraad opgesluit met die gevolg dat meer bedryfskapitaal nodig is.

7. *Seisoenproduksie*

Seker landbouprodukte (oeste) word in slegs 'n kort seisoen ingesamel, hoewel die verbruik daarvan oor die hele jaar strek (bv. mielies). Die oes moet van produksie tot verbruik opgeberg en finansier word wat bykomende bedryfskapitaal verg. (24)
[50]

VRAAG 4
BEMARKINGSFUNKSIE

Meting van reklameresultate

Reklamebestuur maak deesdae van gevorderde metodes gebruik om die winsgewendheid en effektiwiteit van 'n advertensie te bepaal of te meet. Die impak van advertensies kan gemeet word aan geheue en erkenningstoetse, asook vraelyste en ander vorme van marknavorsing.
Resultate van reklame moet gemeet word om te bepaal in watter mate die spesifieke reklamedoelwitte bereik is. Die doeltreffendheid van reklame word gemeet aan die volgende kriteria gemeet:

Die volgende maatstawwe word gebruik om die effektiwiteit of trefkrag van 'n advertensie te meet:

(a) Tot watter mate word die doelmark toenemend bewus van die boodskap wat die advertensie uitdra?
(b) Hoeveel die doelmark van die boodskap onthou.
(c) Die mate waarin die advertensie die houding en mening van die doelmark verander het.
(d) Die mate waarin die doelmark die boodskap van die advertensie glo.
(e) Die aantal navrae wat op die advertensie gevolg het.

Bemarkingskommunikasieresep

Reklame

Reklame kan beskryf word as enige betaalde vorm van aanbieding en promosie van idees, goedere of dienste op 'n onpersoonlike manier deur 'n besigheidsonderneming.

Onderskeidende kenmerke

Publieke aanbieding – Reklame is 'n wettige vorm van kommunikasie en is 'n verkoopsaanbog in 'n gestandaardiseerde vorm.

Deurdringende medium – Reklame is 'n deurdringende medium omdat die verkoper toegelaat word om die boodskap talle kere te herhaal.

Versterkte aanslag – Reklame bied aan die adverteerder die geleentheid om sy boodskap se effektiwiteit te versterk deur die effektiewe aanwending van klank, kleur en drukwerk.

Onpersoonlik – Reklame word op die massa gerig en die gehoor is onder geen verpligting om te reageer nie. Persoonlike verkope is, byvoorbeeld, meer aangrypend.

Persoonlike Verkope

Kenmerke

Die mondelinge aanbieding van goedere of dienste in 'n gesprek.
'n Lewendige interaktiewe verhouding tussen mense.
Die koper en verkoper is 'n lewendige kommunikasieverhouding met.

Persoonlike belangstelling

Persoonlike verkope is op gesonde menseverhoudings gebaseer en verkoopspersoneel moet persoonlike belangstelling in voornemende kopers teen en hulle langtermynbelange op die hart dra..

Aandag en reaksie

Persoonlike verkope plaas die voornemende koper onder 'n verpligting om die verkoopspraatjie van die verkoopsman by te woon en daarop te reageer.

Verkoopspromosie

Dit sluit al die korttermyn aansporingsmaatreëls in waar die koper aangemoedig word om die produk te koop.

Kenmerke

Volhardende appél

'n Volhardende appél word aan kopers gerig om produkte te koop.

Gretig om te verkoop

Sekere aksies dra die boodskap uit dat die verkoper gretig is om te verkoop. Dit moet oordeelkundig gedoen word.

Publisiteit

Publisiteit kan gedefinieer word as die stimulasie van aanvraag na 'n produk of diens op 'n onpersoonlike basis deur nuus aangaande die produk aan die pers te gee.

Die ontvang van gunstige beriggewing oor die radio of televisie waarvoor die verkoper nie betaal nie.

Ondernemings soek *gratis* publisiteit in die nuusmedia sodat hulle beeld uitgedra kan word, asook die beeld van hulle produk.

Alhoewel die publisiteit gratis is, het ondernemings weinig beheer oor die aard van die inhoud van die berig.

Publisiteit het 'n groter **nuuswaarde** en **geloofwaardigheid** as reklame en kan daarom baie effektief wees as dit gunstig aangewend word. Publisiteit kan dus gunstig of positief wees.

Openbare Betrekkinge-afdeling speel 'n belangrike rol.

Aan die ander kant kan publisiteit baie negatief of skadelik wees as die situasie ongunstig ontwikkel.

Kenmerke:

Groter geloofwaardigheid – Verslae deur die nuusmedia oor produkte of dienste dra baie meer geloofwaardigheid as 'n advertensie deur die onderneming.

Die boodkap is nuus en nie verkooppraatjies nie – Baie potensiële kopers wat, normaalweg verkopers vermy, word bereik en die boodskap word as nuus beskou.

Beeldskepper – Publisiteit skep 'n gunstige beeld van die onderneming en bevorder die aanvraag na produkte, dienste waarvoor daar nie betaal word nie. **[50]**

VRAAG 5

Uitleg van die fabriek

Nadat op die perseel vir die fabriek besluit is, moet die uitleg van die fabriek oorweeg word.

Korrekte fabriekuitleg beteken:

die optimale benutting van ruimte, √
die uitskakeling van onnodige beweging√ van materiaal en werkers,
hoër produktiwiteit en
laer produksiekoste.

'n Ekonomieser produksie-eenheid√
'n Swak ontwerpte fabriek veroorsaak groot verliese√ in terme van tyd en geld
en dra by tot ongelukkige werkstoestande van werkers. √

Omskrywing van die uitleg van fabriek

Die bou en uitleg van die fabriek behels

* die ontwerp van die fabriek om gunstige√√ produksietoestande te skep;
* die rangskikking van meer geskikte masjinerie in die regte √√ produksieseksies en op die mees geskikte plekke;
* om te verseker dat die produk op die mees ekonomiese en doelmatige wyse vervaardig kan word. √√ Maks(10)

Voordele van korrekte fabriekuitleg

Vir die werkers:

* Minder fisieke inspanning en uitputting.
* Minder hantering van materiaal, onderdele, ens.
* Minder beweging om al die nodige onderdele en materiaal by die werkplek byeen te bring.
* Minder ongelukke omdat foutiewe plasings, wat ongelukke bevorder, uitgeskakel word.
* Aangename werktoestande word geskep en dit verseker 'n gelukkige, produktiewe werkerskorps.
* Bevorder hoër produktiwiteit en dus groter verdienste. Maks (10)

Vir die onderneming:

* Onnodige beweging van werkers, word uitgeskakel. Dit beteken dat Minder werkers is nodig.
* Die werkers lewer 'n hoër produksie.
* Dit bring laer arbeidskoste teweeg asook ander voordele soos minder materiaal word vermors, die instandhoudingskoste van masjiene is laer, die vervoerkoste binne die fabriek is laer en produkte van 'n beter gehalte word geproduseer.

* Dit verseker ook beter produksiebeheer, want voorraadkamers is gunstig geleë, voorrade word makliker op die regte plekke gebing en die vloei van werk verloop beter.
* Produksieprosesse wat glad verloop, verg minder bedryfskapitaal.
* Fabrieksveiligheid word bevorder.
* 'n Kleiner belegging in voorraad word vereis. Maks (10)

Soorte masjinerie

Standaardmasjiene√

* Dit is masjiene wat volgens standaardspesifikasies op 'n groot skaal gebou word vir lewering aan soortgelyke fabrieke bv. houtwerkmasjiene. √√
* Instandhouding is nie 'n probleem nie, omdat standaardonderdele beskikbaar is. √√

Gespesialiseerde masjiene√

* Dit is masjiene wat volgens behoeftes en voorskrifte van 'n bepaalde fabrikant ontwerk en vervaardig word.
* Sulke masjiene word spesifiek vir hulle aangepas. √√
* Die instandhoudingskoste is hoër omdat onderdele volgens voorskrif vervaardig moet word.
* Die herverkoopswaarde van sulke masjiene is nie gunstig nie.
* In baie fabrieke is werkers deur masjiene vervang. √√
* Besondere prestasies word behaal deur die samevoeging en aaneenskakeling van masjiene.

Eenheidsmasjiene√

* waar een bewerking gedoen word√√
* en dit funksioneer byna outomaties en lewer hoë produksie.

Kettingmasjiene/ Meerdoelige√ masjiere

* Dit is waar 'n aantal aaneengeskakelde bewerkings√√ gedoen word en
* dit kan die beste geïllustreer word deur monteerbande wat in motorfabrieke gebruik word.

2 x 5 =
Maks (10)

DIE ONDERHOUD EN VERVANGING VAN FABRIEKSMASJINERIE EN -TOERUSTING

Instandhouding van masjinerie, moet

* volgens 'n vaste rooster geskied; √√
* voorraadlyste van onderdele moet bygehou word; √√
* en die onderhoudstandaarde moet nagekom word. √√

INSTANDHOUDING VAN MASJINERIE KAN OP 3 MANIERE GESKIED:

remediërende,
voorkomend en
voorwaardelike instandinghouding

1. **Remediërende instandhouding√**

   Wanneer die masjien breek word dit reggemaak. √√

2. **Voorkomende instandhouding√**

   Gereelde dienste volgens 'n rooster√√
   Dit voorkom dat masjiene breek.

3. **Voorwaardelike instandhouding√**

   Dit geskied op die basis dat masjiene geïnspekteer en getoets word en daar bepaal word dat herstelwerk nodig is.√√

Maks (10)
[50]

AFDELING C

VRAAG 6
PRODUKSIEFUNKSIE / ALGEMENE BESTUUR

6.1 6.1.1 Dit is die koste van grondstowwe wat in die produksie van 'n bepaalde produk gebruik word, bv. 'n fiets (raam + 2 wiele)
Die koste is maklik bepaalbaar. 1x2=(2)

6.1.2 Dit is die koste wat nie aan 'n bepaalde produk gekoppel kan word nie, bv. die ontvangsdame se salaris 1x2=(2)

6.1.3 Direkte grondstofkoste + Direkte arbeidskoste 1x2=(2)

6.2 6.2.1 Ononderbroke produksie / massaproduksie / deurlopende produksie

6.2.2 Massaproduksie/ Ononderbroke produksie

6.2.3 Werkstudie

6.2.4 Bokoste /Algemene koste 4x2=(8)

6.3 **Voordele van massaproduksie**

- Goedere word teen 'n laer eenheidskoste geproduseer;
- Laer voorraadvlakke kan gehandhaaf word, wat voorraadhoudingskoste per eenheid verlaag.
- Werkers kan, as gevolg van arbeidsverdeling, betreklik gou baie behendig raak in hul spesifieke take (spesialisering).
- Toerusting en arbeid kan, met die minimum ledige tyd, optimaal benut word.
- Die verdeling van arbeid kan verder gevoer word as in 'n kleinfabriek.
- Beter produksiebeheer is moontlik en kwaliteitbeheer word vereenvoudig.

- Die kwaliteit van produkte verbeter en arbeidskoste kan verlaag word deur die gebruik van moderne gespesialiseerde toerusting.
- Standaardisering van toerusting, masjiene en onderdele lei tot verlaagde produksiekoste.
- Beweging deur middel van vervoerbande is goedkoop en beperk hantering van materiaal.
- Die kapitaal wat in voorraad opgesluit is, word gouer in geld omgesit d.m.v. vinniger verkope (verkoopomset).
- Die ontwerp, die grootte en vorm van gereedskap en elke onderdeel van die eindproduk is vasgestel. Enige 5x2=(10)

6.4 **Voordele van 'n lyn- en staforganisasie**

- Dit is maklik verstaanbaar vir almal in die organisasie.
- Slegs een persoon gee opdragte aan bepaalde groepe werkers.
- Die spanwydte van die leiding word beperk.
- Gesag en verantwoordelikheid is duidelik afgebaken.
- Die top- en middelvlakbestuur word in besluitneming deur adviseurs bygestaan.
- Groter arbeidsverdeling met al die gepaardgaande voordele is moontlik.
- Die stelsel leen hom tot vinnige besluitneming en optrede. Enige 5x2=(10)

6.5 Topvlakbestuur:√√ Langtermynbesluite,√ strategies van aard, √ onreëlmatig, Skeppend, nie-roetine (4)
Laevlakbestuur: √√ Korttermynbesluite, roetine van aard√, opererend (4)
Laevlakbestuur√√ is gemoeid met KONTROLE. (2)
[10]

6.6 Besluitneming√
Delegering√
Koördinering√
Kommunikasie√
Motivering√
Dissiplinering / Dissiplinêre aksie√

6x1=(6)
[50]

VRAAG 7
BEMARKINGSFUNKSIE

7.1 Verbruikersgoedere:

Spesialiteitsgoedere: Goedere waar die koopproses met aansienlike sorg, tyd en moeite gepaardgaan. Verbruiker weet presies wat hy wil hê, bv. luukse motorkar. (4)

Uitsoekgoedere: Goedere wat na deeglike oorweging aan prysverskille, kwaliteit en smaak bv. boetiekklere. (4)

Geriefsgoedere: Goedere word daagliks gekoop sonder inspanning, bv. kruideniersware. (4)
[12]

7.2.1 'n Spesiale merk wat op goedere aangebring word sodat dit van soortgelyke produkte onderskei kan word. (2)

7.2.2 Omdat 'n handelsmerk so 'n sleutelrol in die bemarking van produkte kan speel, moet dit aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet die dienswaarde (voordele) van die produk weerspieël, soos die gebruike, die kenmerke, die gehalte en die nut daarvan.
- Dit moet in gepaste, beskrywende taal weergegee word sodat die dienswaardes daarvan maklik herken kan word, byvoorbeeld EASY REST - stoele, ens.
- Dit moet maklik deur die verbruikers uitgespreek en onthou kan word. Dit moet onderskeidend van name van verwante produkte wees – om verwarring te voorkom.
- Dit moet sodanig wees dat nuwe produkte van dieselfde reeks *maklik* daarin opgeneem kan word.
- Dit moet maklik registreerbaar wees sodat die nodige wetlike beskerming geniet kan word.
- moet uniek wees (nie ooreenstem met ander merke nie)

Enige 3x2=(6)

7.3 SPAZA-WINKELS

Voordele informele sektor
Bied 'n geleentheid om inkomste te verdien / verminder armoede
Dit skep werksgeleenthede
Doen indiensopleiding as entrepreneur op.
Stimuleer die vryemarkstelsel.
Voorsien goedere en dienste aan verbruikers.
Min kapitaal is nodig om te begin.
Kan goedkoop konstruksies gebruik.

Enige 4x2=(8)

7.4 ELIMINEER GROOTHANDELAAR

Direkte verkope aan handelaars
Posbestellings
Reisende agente
Verkoop direk aan kleinhandelaar / verbruikers 4x1=(4)

7.5 KOMMISSIE-AGENT:

Verkry nie eiendomsreg van goedere nie.
Tree op as agent vir enige persoon. (meer as EEN persoon)
Goedere word in hulle pakhuise geberg.
Kan selfs die goedere aflewer.
Verkoop op krediet – verkry DEL CREDERE-kommissie Enige 3x2=(6)

7.6 **Monopolie**: √ Daar is slegs een verkoper, wat self die prys bepaal binne beperkings van wet. √√
Oligopolie: √ 'n Paar verkopers wat die mark domineer, een verkoper kan op sy prys aandring. √√
Monopolistiese Mededinging: √ Een verkoper wat ook die vervaardiger is. Verbruikers word van handelsmerk oortuig. √√
Volmaakte Mededinging: √ Klomp kopers en verkopers. Prys word bepaal deur vraag en aanbod. √√ 4x3=(12)
[50]

VRAAG 8

ONDERNEMINGSVORME

8.1.1 Die dokument wat die basiese voorskrifte van die maatskappy se grondwet bevat.
Die oktrooi van die maatskappy
Die basiese dokument wat die Regte en Pligte omskryf 2x2=(4)
Gee regspersoonlikheid

8.1.2 * Bevat die huishoudelike reëls van die maatskappy
* Wat toegepas word by die <u>bestuur</u> 2x2=(4)

8.1.3 'n Dokument wat bewys dat 'n maatskappy volgens wet geregistreer is en dat die maatskappy aan die wetsvereistes van registrasies voldoen. 2x2=(4)
Word uitgereik aan private en publieke maatskappye. en BK's

8.1.4 'n Uitnodiging aan die publiek om aandele of skuldbriewe te koop. Moet skriftelik wees. (of skuldbriewe) 2x2=(4)

8.2 **Redes vir Samesmeltings = Horisontale samesmelting** 1x2=(2)

- In 'n sterk kompeterende mark mag 'n kleiner onderneming besef dat sy enigste kans op oorlewing sou wees om met 'n groter onderneming saam te smelt.
  - Samesmelting mag dalk die enigste manier wees waarop die nodige addisionele kapitaal vir uitbreiding bekom kan word.
  - Weens die tekort aan 'n goeie bestuurspan, kan die probleem opgelos word deur met 'n onderneming met 'n dinamiese bestuurspan saam te smelt.
  - Samesmelting mag ook 'n manier wees om ontslae te raak van 'n bestuurspan waarmee die aandeelhouers nie tevrede is nie.
  - Die produsent smelt saam met die leweransiers van sy grondstowwe om daardeur van sy voorrade verseker te wees.
  - Twee maatskappye wat met mekaar meeding mag besluit om hul mededinging te staak en eerder hul kragte saam te voeg om sodoende hul posisie in die mark te verstewig.
  - Ondernemings kan saamsmelt om die duplisering van koste uit te skakel.
  - 'n Onderneming wil met 'n bekende onderneming saamsmelt om daardeur verhoogde status te verkry.
  - Een onderneming smelt saam met 'n ander om toegang te verkry tot die dienste wat daardie onderneming lewer.
  - Samesmeltings bied die moontlikhede om betrokke te wees by verskillende bedryfstakke wat nie so ekonomies kwesbaar is soos 'n onderneming wat net in een bedryfstak funksioneer nie.
  - Ondernemings smelt saam om sekere belastingvoordele daaruit te trek.

8.3 **Nadele van Private Maatskappy**

- 'n Private maatskappy het 'n maksimum van 50 aandeelhouers. Kapitaal word dus beperk tot dit wat 50 persone kan bydra.
- Die aandele van 'n private maatskappy is nie vrylik oordraagbaar nie en bied nie dieselfde likiditeit van die belegging in aandele soos in die geval van 'n publieke maatskappy nie. Aandele kan nie so gou en maklik in kontant omskep word nie en mag ook nie op die Effektebeurs genoteer word nie.
- Aandele mag nie aan die algemene publiek aangebied word nie. Die bron van kapitaal is beperk tot wat huidige aandeelhouers kan bydra of leen. Uitbreiding kan daardeur gestrem word.
- Die stigting en administrasie van 'n private maatskappy is baie meer ingewikkeld en gekompliseerd as dié van 'n beslote korporasie. 4x2=(8)

8.4.1 Beslote Korporasie (2)

8.4.2 'n Stigtingsverklaring is 'n dokument wat gebruik word om 'n BK by die Registrateur van B.K. te stig. Die dokument moet by die Registrateur van Beslote Korporasies geregistreer word, voordat dit met besigheid kan begin. (2)

8.4.3 Gee regspersoonlikheid aan die BK. Dokument wat voltooi moet word vir registrasie! (2)

8.4.4 Die Stigtingsverklaring bevat besonderhede ten opsigte van die

- volle naam van die onderneming, BK moet aan die einde voorkom
- doel of belangrikste aktiwiteit van die BK.
- datum waarop BK se finansiële jaar eindig.
- naam, adres, beroep en toestemming van die rekenkundige beampte (persoon of firma.)
- pos- en straatadres van die geregistreerde kantoor van die onderneming.
- naam, identiteitsnommer en adres van elke lid van die BK.
- besonderhede van van elke lid se bydrae tot die BK. Enige
- belang, uitgedruk in 'n persentasie, van elke lid in die BK 5x2=(10)

[50]

VRAAG 9
FINANSIËLE FUNKSIE

9.1.1 **Sedering**

Die oordraging van die regte van 'n persoon op 'n polis na 'n ander persoon d.m.v. 'n klousule wat in die polis ingeskryf is. 2x2=(4)
Dit kan as sekuriteit dien.
Versekeringspolisse kan aan banke gesedeer word wat kan dien as sekuriteit

9.1.2 HERVERSEKERING
'n Herversekeringsmaatskappy doen slegs sake met ander versekeringsmaatskappye. Versekeringsmaatskappye is nie altyd in staat om die risiko's aleen te dra nie. Hulle verdeel dan soms die risiko's met 'n herversekeringsmaatskappy. Maks
– plus voorbeeld. (4)

9.1.3 GETROUHEIDSWAARBORG
'n Werkgewer kan 'n polis uitneem wat hom dek teen verliese as gevolg van 'n werknemer se oneerlikheid, bv. geldverduistering of diefstal.
Die WERKNEMER doen aansoek om 'n polis. Die versekeraar stel ondersoek in na die karakter van die werknemer. Indien hy tevrede is, sal hy die werknemer se eerlikheid waarborg. Die WERKGEWER betaal die premie. Maks
(4)

Faktorering van Debiteure

'n Besigheidsonderneming wat krediet op lopende rekeninge voorsien of teen paaiemente, kan sy debiteure aan 'n finansiële onderneming oorgee. Dit staan bekend as faktorering en stel die verkoper (wat krediet gee) in staat om aan sy kliënte krediet te gee en gouer die geld te ontvang. Verkopers moet egter die finansier vir die diens vergoed. Administratiewe fooie word aan die faktor oorgedra. Slegte skulde word uitgeskakel soos wat die faktor oorneem.

Dit is 'n bron van Bedryfskapitaal. Maks
(8)

9.3.1 **Doel van Voorraadbeheer**

Die doel van voorraadbeheer is om

- op enige tydstip in staat te wees om, sonder om voorraad te neem, die grootte en die waarde van die voorraad te kan bepaal.
- toe te sien dat genoegsame voorraad aangehou word ten einde te voldoen aan die normale vraag na verskeidenheid, gehalte en prys van kliënte
- beheer oor die inkoop- en verkooppryse van die goedere uit te oefen.
- periodiek die werklike voorraad met die rekords te kontroleer om diefstal op te spoor. 4x2=(8)

9.3.2 **Voordele van Doelmatige Voorraadvorming**

- Beter dienste word aan klante gelewer, aangesien aflewering op die regte tyd kan geskied.
- Tydens produksie is daar geen verlies as gevolg van wagtyd ten opsigte van voorraad nie.
- Belegging in voorraad word tot die minimum beperk, wat minder bedryfskapitaal beteken.
- Besparings ten opsigte van bergruimte, asook opslag- en hanteringskoste word bewerkstellig.
- Verliese weens prysskommelings en veroudering van voorraad word tot die minimum beperk.
- Duplisering van voorraad word uitgeskakel.
- Verliese as gevolg van nalatigheid en diefstal word beperk. Enige 4x2=(8)

9.3.3 **Nadele van Voorraadvorming**

Hoewel doelmatige voorraadvorming risiko's kan verminder, gaan dit altyd met die volgende risiko's gepaard:

- Gevaar van brandskade, diefstal, ens.
- Veroudering;
- Prysskommelinge wat laer neig as die pryse waarteen die onderneming gekoop het;
- Belegging in voorraad vereis groot bedrae bedryfskapitaal. 4x2=(8)

9.4 **Voordele van Voldoende kontant**

- Voldoende kontant stel 'n onderneming in staat om getrou alle verpligtinge na te kom. So 'n onderneming geniet aansien by leweransiers en bankinstellings. Dit vergemaklik die taak van die bestuur en bevorder doeltreffendheid in die organisasie.
- 'n Onderneming wat sy verpligtinge getrou nakom en 'n hoë kredietwaardigheid het, kan krediet makliker en op gunstiger voorwaardes bekom.
- Deur aankope kontant te betaal, bespaar ondernemings aansienlik deurdat kontantkortings beding kan word. So 'n onderneming is ook nie deur leweransiers gebind nie.

- 'n Onderneming met 'n hoë kredietwaardigheid kan lenings of oortrokke rekenings teen gunstiger voorwaardes by bankinstellings kry, bv. sonder bykomende sekuriteit. Die likiditeit van 'n onderneming speel 'n belangrike rol wanneer banke lenings of oortrokke bankrekenings oorweeg.
- Voldoende fondse verhoog die algehele doeltreffendheid van die onderneming deurdat fondse beskikbaar is om die produksieproses aan die gang te hou, bv. die aankoop van grondstowwe, betaling van lone en salarisse van werknemers, ens.
- Bedryfsuitgawes kan op 'n gunstige tyd vir die onderneming tot die grootste voordeel vereffen word.
- Onverwagse winsmoontlikhede kan ten beste benut word. Enige
- Surpluskontant kan op korttermynbasis belê word. 3x2=(6)

[50]

VRAAG 10
ADMIN FUNKSIE / FINANSIËLE FUNKSIE / ONDERNEMING EN SY OMGEWING

10.1 Rekenkundige rekords
Kosteberekening
Statistiek
Begroting Enige
Verwante admin werk (rekenaars) 3x2=(6)

10.2 **Die volgende faktore kan die besluit om te sentraliseer of te desentraliseer, beïnvloed:**

- <u>Aard van Onderneming</u>: Hoe groter die omvang van die administratiewe werk, hoe groter die wenslikheid van sentralisering.
- <u>Grootte of Omvang van Onderneming</u>: Namate 'n onderneming groei, raak die gebruik van gespesialiseerde dienste ekonomieser – dit is voordelig om te sentraliseer.
- <u>Gestandardiseerde werkprosedures</u>: Werkprosedures neig om voordelig te standardiseer namate 'n onderneming groei – dit begunstig sentralisering van werksaamhede.

- <u>Gehalte van Personeel</u>: Om desentralisering te laat slaag, moet 'n beter gehalte personeel (teen hoër salarisse) voorsien word as wanneer die onderneming sentraliseer.
- <u>Diversifikasie van Werksaamhede</u>: Indien die dienste van 'n onderneming baie gediversifiseerd is, word voorkeur aan desentralisering gegee.
- <u>Geografiese Verspreiding van Werksaamhede</u>: Waar die produksie- en bemarkingseenhede van 'n onderneming geografies wyd verspreid is, is dit voordeliger om te desentraliseer. Enige 5x2=(10)

10.3 **Voordele / Nut van Versekering**

- Versekering stel die ondernemer vry van geldelike verliese as gevolg van gespesifiseerde, ongewenste gebeurtenisse wat moontlik kan plaasvind. Die ondernemer word nie teen brand of diefstal beskerm nie, maar teen moontlike geldelike verliese as gevolg van sulke gebeurlikhede.
- Versekering verleen gemoedsrus aan die ondernemer omdat hy bepaalde risiko's aan die versekeraar oorgedra het.
- Die ondernemer kan sy volle aandag wy aan die bestuur van die ondeneming.
- Sekere langtermynversekeringspolisse kan aan ander persone of instansies oorgedra (gesedeer) word as sekuriteit vir lenings of ander saketransaksies.
- Die houer van sekere polisse – bv. 'n lewenspolis – kan 'n lening op die polis by die versekeraar aangaan.
- Versekering stel die <u>werknemer</u> in staat om voorsiening te maak vir:

  - 'n pensioen wanneer hy aftree (uittree-annuïteit).
  - die risiko dat hy sy werk kan verloor en sonder 'n bron van inkomste kan wees (werkloosheidversekering).
  - mediese uitgawes indien hy by die werk beseer word (werkliedeskadeloosstelling).
  - sy afhanklikes wanneer hy te sterwe kom (lewensversekering).

- Lewensversekering bied aan die ondernemer die geleentheid om vir homself en vir sy afhanklikes voorsiening te maak vir die toekoms.
- Versekering kan as 'n vorm van verpligte spaar gebruik word.

Enige 5x2=(10)

10.4 **SAKEKAMERS**

Dienste van sakekamers en kamers van koophandel

Die dienste van 'n sakekamer of 'n kamer van koophandel is onder meer daarop gemik om

(a) die handel in sy eie dorp te bevorder.
(b) vir munisipale regulasies en wetgewing wat tot die handelaars se voordeel is, te agiteer;
(c) geskille onder lede deur middel van arbitrasie te besleg;
(d) inligting en statistiek vir lede in te samel en hulle van advies te bedien;
(e) 'n swartlys van swak betalers op te stel;
(f) eenvormigheid met betrekking tot winkelure, lone en pryse te verseker en sodoende onnodige wedywering uit te skakel.
(g) skep geleenthede vir sake (besigheid)
(h) hulle bevorder opleiding

6x2=(12)

10.5 **JSE AANDELEBEURS**

Dienste van die Effektebeurs

(a) Die Effektebeurs dien as 'n belangrike skakel tussen die belegger en die bedryfsleier.
(b) Die Effektebeurs bemoedig en help 'n persoon wat slegs op klein skaal kan belê, en ook om 'n aandeel in die handel en nywerheid van sy land te bekom.
(c) Die Effektebeurs help geldinstellings soos bougenootskappe en versekeringsmaatskappye om hul fondse in aandele te belê.
(d) Die Beurs verleen 'n groot mate van beskerming aan beleggers omdat dit slegs aandele noteer wat uitgereik is deur maatskappye wat aan sekere streng vereistes soos deur die Beurskomitee neergelê, voldoen.
(e) Die aandele van 'n maatskappy word op die Beurs deur 'n groot aantal kenners na waarde geskat, en deur die wet van vraag en aanbod word hulle verkoop teen wat naastenby hul werklike waarde is.
(f) Omdat aandelepryse daagliks gepubliseer word, kan beleggers en voornemende beleggers op die hoogte daarvan bly.
(g) Die Beurs is 'n sensitiewe barometer van ekonomiese toestande, en prysneigings op die Beurs dien as 'n leidraad vir bedryfsleiers wanneer hulle beleidsbeslissings moet maak.
(h) Dit maak 'n groot bydra tot die verkryging van risiko kapitaal.
(i) Dit laat beleggers toe om hulle aandele redelik gou te kan omsit na kontant.
(j) Dit is 'n sensitiewe barometer van ekonomiese toestande. 6x2=(12)

[50]

VRAAG 11
ALGEMENE BESTUUR

11.1.1 Waar
11.1.2 Onwaar (Die belangrikste taak of opdrag)
11.1.3 Onwaar (Spanwydte van leiding)
11.1.4 Onwaar (Delegering = oordrag van gesag)
11.1.5 Onwaar – Gesag kan gedelegeer word 5x3=(15)

11.2.1 Funksionele organisasiestruktuur (2)

11.2.2 **Voordele van 'n funksionele organisasie**

* Aangesien meer voormanne as deskundiges aan al die werkers opdragte kan gee, kan groter spesialisasie bewerkstellig word.
* Werkers en voormanne kan gouer opgelei word, aangesien die take baie beter afgebaken is.
* Minder bekwame werkers wat laer salarisse verdien, kan vir die afgebakende take gebruik word.
* 'n Oormaat van gesag word nie aan enkele persone opgedra nie. 4x2=(8)

11.2.3 **Nadele van 'n funksionele organisasie**

* Die spanwydte van bestuur of leiding kan te groot word.
* Eenheid van bevel kan ontbreek, wat werkers verwar.
* Werkers word aan verskillende gesagslyne blootgestel.
* Bestuurders moet vertroud wees met prosedures in ander departemente.
* Aktiwiteite is moeilik om te koördineer 4x2=(8)

11.3 **Kenmerke van 'n Goeie bestuurder**

(a) Hulle moet oor die toepaslike opvoedkundige en bestuurskwalifikasies beskik wat nodig is vir die uitbouing en bestuur van die onderneming.
(b) Hulle moet praktiese ervaring van alle vertakkinge van die werksaamhede van die onderneming hê.
(c) Hulle moet in staat wees om die aktiwiteite van die ander sewe ondersteunende bestuursfunksies te koördineer en 'n balans tussen die botsende aansprake van dié funksies te vind.
(d) Hulle moet skeppend en vernuwend kan dink, beplan en handel.
(e) Hulle moet geloof in hul saak, medebestuurslede, werkers en hulself hê.
(f) Hulle moet oor mensekennis beskik en goeie menseverhoudings kan handhaaf.
(g) Hulle moet die begeerte hê om die ideale toestand na te streef, hoewel hulle weet dat dit nie altyd moontlik sal wees nie.
(h) Hulle moet realisties wees en nie die onmoontlike verwag en nastreef nie.
(i) Hulle moet aanpasbaar, nederig, konsekwent, toeganklik, vriendelik en erkentlik wees.
(j) Hulle moet besliste leiding kan gee en besluite kan neem. 6x2=(12)

11.4 Motivering word as 'n kragtige faktor van bestuur beskou om personeel tot aksie en hoër produktiwiteit aan te spoor en die winsgewendheid van die onderneming te verhoog. Die kragte is: drange, begeertes, behoeftes wat almal positiewe invloed het op personeel (3)

- <u>Wat motiveer 'n werker</u>?

  - Sekuriteit
  - Waardering
  - Persoonlike belangstelling in die mens
  - Werksbevrediging
  - Hoë salaris
  - Onbeperkte byvoordele
  - Om ander te help
  - Goeie menseverhoudings
  - Menswaardige behandeling
  - Kommunikasie
  - Sinvolle opdragte
  - Selfverwesenliking

Enige 2x1= (2)

[50]

TOTAAL: 400